

Graan SA gee dwarsklap na Agri SA

'**N OPMERKING** in 'n nuusbrieff van Graan SA dat sy verhouding met Agri SA “steeds agteruitgaan”, het in Oktober talle mense in die bedryf verras.

“Ek dink die spoed van transformasie en integrasie in Graan SA is op 'n ander vlak as in Agri SA en die spanning kom meestal uit dié verskil,” het mnr. Jannie de Villiers, hoof- uitvoerende beampte van Graan SA, gesê.

Dié organisasie is die grootste affiliasie van Agri SA. Hy sê in die nuusbrieff “daar is 'n vreemde gees van vyandigheid teenoor Graan SA wat ons as niks

anders as jaloesie kan definieer nie”.

Mnr. Johannes Möller, voorsitter van Agri SA, het aan **Landbou.com** gesê Agri SA se bestuurskomitee en dagbestuur “is nie negatief teenoor Graan SA nie”.

Hy sê aangesien Graan SA die grootste affiliasie is, lewer hy die grootste finansiële bydrae tot Agri SA, “so wat is die sin daarin om negatief te wees jeens Graan SA?”

Hy het gesê 'n komitee ondersoek die herstrukturering van Agri SA en Graan SA word ook in dié komitee verteenwoordig.